Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2022-06-08

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN JUNIE 2022

SKOOL SLUIT - MNR GERICKE

Vakansietyd lê al weer voor die deur vir ons kinders en personeel. Die skool sluit Vrydag, 24 Junie 10:00 en open weer Dinsdag, 19 Julie.

Dankie aan almal se betrokkenheid by ons pragtige skool. Ons bring lof aan ons Hemelse Vader vir ouers, kinders en personeel wat hierdie skool so besonders maak.

Mag hierdie wintervakansie vir u almal saam met u kinders 'n wonderlike rustyd wees. Ry versigtig en pas u en ons kinders mooi op. Laerskool Elspark is baie lief vir julle.

Program vir die laaste twee weke (13 - 24 Junie):

13 - 14 Junie	Volg 'n normale skooldag. Die skool sluit 13:30
15 Junie	Volg 'n verkorte skooldag. Skool sluit 12:00. Daar sal toesig wees tot 13:30 vir die leerlinge wat nie 12:00 afgehaal kan word nie.
16 Junie	Jeugdag (vakansiedag)
17 Junie	Skoolvakansiedag
20 - 23 Junie	Volg 'n normale skooldag. Skool sluit 13:30
23 Junie	Leerlinge ontvang hulle rapporte. Oueraand - slegs per uitnodiging
24 Junie	Die skool sluit 10:00 vir alle leerlinge.

Belangrike kennisgewing

- Skoolbywoning: alle leerlinge is verplig om skool by te woon. Sien bogenoemde datums. Leerlinge kan nie sonder enige geldige verskoning tuis bly nie.
- Ouers maak seker dat u kind die toetse wat die leerlinge huis toe bring teken en weer terug stuur skool toe.
- Maak seker dat u kind/kinders hulle rapport huis toe bring, sodat u daarna kan kyk (leerlinge ontvang hul rapporte op 23 Junie)

NASKOOLSENTRUM - ME Mc KENZIE

Maak asb. seker dat u leerlinge betyds kom afhaal, die sentrum sluit om 17:30. Neem asb. kennis van die volgende:

Die naskoolsentrum is gesluit op die volgende vakansiedae:

16 Junie - Jeugdag
17 Junie - Skoolvakansiedag

Die naskoolsentrum is vanaf 7:00 tot 17:30 oop gedurende die skoolvakansie. Alle speelgoed word op eie risiko saamgebring.

Middagete word nie bedien nie. Pak maar 'n ekstra broodjie/kospakkie in. Die dag is lank.

Indien u kind nie in die naskoolsentrum is nie, is die koste R120 per dag, per kind. Gelde moet asb. vooraf betaal word.

Alle naskoolrekeninge moet op datum betaal word, aangesien u kind dan nie naskoolsentrum toe kan kom gedurende die vakansie nie.

HERREGISTRASIE VAN LEERLINGE Gr 1 tot Gr 6 VIR 2023 - MNR GERICKE

Die Departement vereis dat alle huidige Gr 1 - 6 leerlinge herregistreer vir 2023. Ons het besluit om hierdie jaar nie gebruik te maak van aansoekvorms nie, maar eerder gebruik te maak van 'n eenvoudige skeurstrokie vir u gerief.

Dit is uiters belangrik dat alle skeurstrokies voor of op 24 Junie 2022 ingehandig word om u kind/kinders se plek te verseker vir 2023.

SKOOLGELDE VIR 2022 - MNR GERICKE

SKOOLGELDBETALING 2022				
	ITEM	BEDRAG PER MAAND	TYDPERK	BEDRAG VIR 2022
1	Skoolgeld vir enkelkind	1512	12 Maande	18144
2	Skoolgeld vir tweede kind	1512 (3024)	12 Maande	18144
3	Skoolgeld vir derde kind	606 (3630)	12 Maande	7272
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Junie se skoolgeld is reeds betaalbaar.				
4	Naskoolgeld vir 'n enkelkind	1100	11 Maande	12100
5	Naskoolgeld vir tweede kind	1100 (2200)	11 Maande	12100
6	Naskoolgeld vir derde kind	1100 (3300)	11 Maande	12100

Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Junie se geld is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
7	Kleuterskool skoolgeld vir elke kind	1638	12 Maande	19656
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Junie se geld is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!
Daar is ouers wat alreeds agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde was reeds betaalbaar.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer.

ABBA OUERS:
Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer! Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! ***Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.***

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

FOTODAG - ME ERASMUS

Die leerlinge se foto's sal op die onderskeie datums geneem word:

20 Junie - klas en individuele foto's
21 Junie - rugby & netbalspan foto's

MINI-NETBAL - ME DE BRUYN

Die mini-netbal seisoen is nou amper op 'n einde. Baie sterkte aan die O/7, O/8 en O/9 (A, B en C) spanne wat op **11 Junie 2022** deelneem aan die mini-netbaldag te **Laerskool Westwood.**

Laaste oefening vir die kwartaal:
Woensdag (8 Junie) : 12:15-13:00
Donderdag (9 Junie) : 12:15-13:00

NETBAL - ME S DU TOIT

Baie geluk aan die o/10 A , O/11A ,O/12B en O/13B spanne wat by die D16 uitspele was.

Baie geluk aan die O/12 B en O/13 B spanne wat die skool by die Ekurhuleni uitspele gaan verteenwoordig op 10 Junie.

RUGBY - MNR SERFONTEIN

Baie geluk aan die O/9, O/10 en O/11 spanne wat deur dring na die Valke semi-finale. Verdere inligting rakende datums en tye sal nog aan die seuns deurgegee word.

BOOGSKIET - ME JACOBS

9 Julie Al-aqsa School
Lenasia (R60)
Sluitingsdatum: 4 Julie

KRIEKET - MNR KEYTER

Die krieket seisoen is om die draai en spanne vir die O/9, O/10 en 2de span sal in die begin van die 3de kwartaal gekies en gefinaliseer word. Daar sal meer inligting uitgaan aan die ouers rondom die datums vir die onderskeie spanne se proewe. Daar is al reeds spanne gekies vir die O/11 en 1ste span omrede hul in die vakansie op toer gaan. Hulle begin hierdie week oefen, afrigters sal op die whatsapp groepe die tye deurgee.

Die O/11 en 1ste span toer na Jubaweni vanaf 10 Julie - 13 Julie. Die seuns wat betrokke is by die spanne sal in die komende week alle inligting ontvang met betrekking tot die toer.

HOKKIE - ME BURGER

Afrigters:
O/10 Mee S. Burger en Bosch
epos: simone@elsies.co.za

0/11 Mee Mc Kenzie, van Staden en du Toit
epos: elna@elsies.co.za, elsa@elsies.co.za en sanet@elsies.co.za

0/12 Mee Britz en Novellie
epos: zinetta@elsies.co.za, marli@elsies.co.za

0/13 Mee Komen en Le Roux
epos: celeste@elsies.co.za, kylin@elsies.co.za

Oefening:
6 - 10 Junie 12:15 tot 13:00
13 - 24 Junie 13:45 tot 14:30

Spanne sal eers gekies word wanneer die skool weer heropen na die vakansie.

MINI-HOKKIE - ME GROBLER

Die mini-netbal seisoen is byna verby en dit is nou tyd vir ons mini-hokkie bokkies om hulle stokke reg te kry. Ons eerste oefening vind plaas op 14 Junie 2022.

Alle 0/7, 0/8 en 0/9 dogters is welkom om die oefening by te woon. Tekkies en oefenklere is verpligtend.

Oefentye vir hierdie kwartaal is:
Dinsdag, 14 Junie 13:30 tot 14:15
Dinsdag, 21 Junie 13:30 tot 14:15

JUKSKEI - ME DE BRUYN

Die Jukskei seisoen is om die draai en ons wil graag begin met oefening sodat ons kan werk aan vaardighede.

Datums vir oefening:
Maandag 13 Junie 13:30-14:30
Dinsdag 14 Junie 13:30-14:30
Maandag 20 Junie 13:30-14:30

Alle Gr 1 - 7 leerders is welkom. Ons hoop om julle by die oefening te sien!

LANDLOOP - ME BOTHA

Is jy reg vir 'n uitdaging?
Vir oefening en pret?

Daar sal op Dinsdag, 14 Junie met Landloop oefening begin word. Alle 0/9, 0/10 , 0/11 , 0/12 en 0/13 seuns en dogters is welkom om die oefening by te woon.

Oefentye vir hierdie kwartaal is as volg:

- Dinsdag 14 Junie : 13:30-14:15
- Woensdag 15 Junie : 13:30 - 14:15
- Dinsdag 21 Junie : 13:30 - 14:14

Tekkies en oefenklere is verpligtend.

OPVOEDING - ME GROBLER

Spandeer tyd saam met jou kind want tyd is gratis maar dit is prysloos.

Jy kan dit nie besit nie, maar jy kan dit gebruik.
Jy kan dit nie hou nie, maar jy kan dit spandeer.
As jy dit verloor het, kan jy dit nooit weer terugkry nie.

Elke oomblik saam met u kind is KOSBAAR!

DISSIPLINE - MNR MULLER

Wendy Sloane en Kim van Reizig skryf in 'n artikel op Health24 dat die verskynsel van bedorwe brokkies baie stres vir ouers veroorsaak, maar dat Britse navorsers "die vinger reguit wys na die huidige geslag liberale ouers-sonder-grense en dat hulle nie genoeg ferm 'liefde' (tough love) toepas nie".

In 'n impakstudie van ouerstyle, het die Londense navorsingsorganisasie, Demos, die lewe van 9000 gesinne oor 'n tydperk van agt jaar gevolg. "Hul gevolgtrekking: Die ferm liefde-manier - 'n kombinasie van warmte en dissipline - speel 'n veel groter rol as ouers se inkomste of sosiale agtergrond in 'n kind se sukses en vermoë om empatie, vasberadenheid en selfbeheersing te leer."

Maar hoe pas 'n mens so 'n ferm-liefde-plan toe?
Volgens die skrywers van die Health 24-artikel is dit eintlik nie so moeilik nie en moet daar op liefde en dissipline gefokus word. So moet konsekwentheid en regverdigheid ook deel van die resep uitmaak. Hier is so 'n paar riglyne uit die artikel. Hou net in gedagte dat die plan nie die alfa en die omega is nie en volgens jou en jou kinders se persoonlikhede en omstandighede aangepas moet word:

- **Hoekom is jou kind "stout"?** Probeer agter die kap van die byl kom en praat met jou kind.
- **Reëls - moenie uitsonderings maak nie.** Reëls is reëls as jy jou kind se gedragspatrone wil verander. Dit leer jou kind die verskil tussen reg en verkeerd, en leer hom die regte waardes.
- **Die stouthoekie vir die kleuters.** Dit kan 'n stoel of 'n trappie wees. Laat jou kind daar sit om te bedaar en oor sy optrede te dink sodat hy daarna om verskoning kan vra.
- **Positiewe ouerskap.** "Dit is baie meer doeltreffend om goeie gedrag te prys as om swak gedrag te kritiseer." Spreek jou goedkeuring vir iets spesifiek uit.
- **Wees spesifiek.** Sê duidelik wat dit is wat jou kind verkeerd doen en hoe jy wil hê hy dit moet regstel. Moenie net sê: "Gaan maak jou kamer aan die kant nie." Sê liewer: "Pak asseblief jou speelgoed in die boks en sit jou sandale terug in die kas."
- **Wees 'n rolmodel.** Jou gedrag moet weerspieël hoe jy wil hê jou kind hom moet gedra. Behandel jou gesinslede met dieselfde respek as waarmee jy behandel wil word.

- **Omkopery en dreigemente is nie 'n goeie idee nie.** Kinders moet leer wat die natuurlike gevolge van hulle dade is. Moenie 'n voorwaarde stel soos om te belowe dat jou kind televisie kan kyk as hy sy kamer reggepak het nie. "Dit werk beter as jy wag dat hy sy kamer opruim en dan sê hy mag televisie kyk." Hy moet besef goeie gedrag kan tot 'n beloning lei, net soos swak gedrag tot straf kan lei.
- **Raak eers kalm.** Dissiplineer jou kind nadat jy eers afgekoel het.
- **Maak tyd vir jou kind.** 'n Kind wat voel dat hy nie aandag kry nie, of nie na geluister word nie, kan probeer aandag kry deur negatiewe gedrag.
- **Huistakies kweek verantwoordelikheid.** Kinders voel deel van die gesin as hulle huistakies verrig.

DANKBAARHEID

- Baie dankie aan elke ouer wat betrokke is by die daaglikse voedingskema van die behoeftige leerlinge. Ons waardeer u hulp ontsettend baie!!! U maak werklik 'n groot verskil in 'n kind se lewe!
- Dankie aan ons Hemelse Vader wat Sy beskermde hand van Genade daagliks oor ons hou.

Spreuke 20: 29

Die trots van jongmanne lê in hulle krag;
Die versiering van oumense is hulle grysheid.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
LEIERSKAP (2022)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Herregistrasie 2023

Ek ouer/voog _____ ID _____ (volle name en id nommer van ouer) herregistreer die volgende leerlinge by Laerskool Elspark:

Leerling se Naam	Huidige graad (2022)
1.	
2.	
3.	
4.	

Kontak nommer: _____ Epos: _____

Nommer vir SMS stelsel: _____ Handtekening: _____